

**21 Desember**

**Lukas 2:1-7**

**(Teks: 118: 12) God se tyd "In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig..." (Luk 2:1)**

God laat die uurglas leegloop. Hy laat ons die regte woord op die regte tyd sê. Dit het Hy met keiser Augustus gedoen toe die laaste sandkorreltjie deurgeval het. Toe het hy 'n bevel uitgevaardig vir 'n volkstelling in sy hele ryk. Wat 'n magtige man, dié Augustus. In "daardie tyd" moes al sy onderdane hom as "god" en "redder" aanbid. Dit het hy ook van Josef en Maria verwag. Sy bevel het die stroom van die geskiedenis, asook die gang van Josef en Maria se lewens, verander. Hulle moes hul bestendige lewe in Nasaret vir eers prysgee vir 'n ongemaklike reis van 112 kilometers na Betlehem. Veral vir Maria wie se tyd van swangerskap haas sy einde genader het.

Maar, kyk, God bly in beheer van alle tyd en die gang van alle sake. Keiser Augustus se sensusopname-tyd was eintlik God se tyd vir Maria om haar kind in die wêreld te bring. Op sy tyd en op sy manier bring Hy die algehele wending in die gang van sake, sodat die regte ding op die regte plek en op die regte tyd moet plaasvind.

En toe hulle in Betlehem was, "het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word." Hy is gebore, sonder 'n identiteitsnommer van keiser Augustus se ryk. Hy is gebore met 'n Naam van die Vader aan sy Seun - Jesus, ons Verlosser. Hy is gebore, sodat met Hóm die grootste rigtingverandering in die hele wêreld en in mense se lewens kon kom. Weg van 'n mens af, soos keiser Augustus. Sodat elke knie voor Hóm sou buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is. Kersfees is voor die deur. Jou planne vir die Kerstyd is seker al agter mekaar. Jou verwagtinge en verlangens is miskien groot. Wat 'n mooi tyd van die jaar is dit nie vir ons nie! Wat is Kersfees vir ons nie tog 'n mooi fees nie! Veral vir al die genade en liefde wat God vir ons in sy Seun kom gee het. Maar dinge kan miskien veral hierdie tyd van die jaar vir ons totaal anders verloop.

Hoe gelukkig is ons nie dat ons mag glo dat God in beheer van ons tyd en van alle gebeure in die wêreld en in ons eie lewe is nie! Die God van Kersfees is ons Vader. Hy gee vir ons die versekering dat Hy alles vir ons ten goede laat meewerk.

Sing Psalm 118:12     Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)